BUITENGEWONE

# OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

# OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

OF SOUTH WEST AFRICA

UITGAWE OP GESAG — PUBLISHED BY AUTHORITY

20c | Vrydag 14 Maart 1980 | WINDHOEK | Friday 14 March 1980 | No. 4101

INHOUD:

*Bladsy*

GOEWERMENTSKENNISGEWING:

No. AG. 17 Direktoraat van Landbou en Bosbou: Oplegging van Heffings en Spesiale Heffings op Karakoelpelse 1

CONTENTS:

*Page*

GOVERNMENT NOTICE:

No. AG. 17 Directorate of Agriculture and Forestry: Imposition of Levies and Special Levies on Karakul Pelts 1

## Goewermentskennisgewing

kantoor van die
ADMINISTRATEUR-GENERAAL VIR DIE GEBIED SUIDWES-AFRIKA

No. AG. 17 1980

DIREKTORAAT VAN LANDBOU EN BOSBOU

OPLEGGING VAN HEFFINGS EN SPESIALE HEFFINGS OP KARAKOELPELSE

Ingevolge artikel 79 van die Bemarkingswet, 1968 (Wet 59 van 1968), maak ek hierby bekend dat die Karakoelraad van Suidwes-Afrika, ingestel by artikel 3 van Proklamasie R.172 van 1968, soos gewysig deur Proklamasie AG. 41 van 1978, kragtens artikel 15 van genoemde Proklamasie R. 172 van 1968, die heffing en spesiale heffing op karakoelpelse in die Bylae vervat, met ingang van 14 Maart 1980 opgelê het ter vervanging van die heffing en spesiale heffing bekend gemaak by Goewermentskennisgewing R.513 van 17 Maart 1978, wat hierby herroep word.

G. van N. VILJOEN
Administrateur-generaal — Windhoek, 12 Maart 1980

## Government Notice

office of the
ADMINISTRATOR-GENERAL FOR THE TERRITORY OF SOUTH WEST AFRICA

No. AG. 17 1980

DIRECTORATE OF AGRICULTURE AND FORESTRY

IMPOSITION OF LEVIES AND SPECIAL LEVIES ON KARAKUL PELTS

In terms of section 79 of the Marketing Act, 1968 (Act 59 of 1968), I hereby make known that the Karakul Board, established by section 3 of Proclamation R.172 of 1968, as amended by Proclamation AG. 41 of 1978, has under section 15 of the said Proclamation R.172 of 1968, imposed, with effect from 14 March 1980, the levy and special levy on karakul pelts set out in the Schedule in substitution of the levy and special levy made known by Government Notice R.513 of 17 March 1978, which is hereby repealed.

G. van N. VILJOEN
Administrator-General — Windhoek, 12 March 1980

## BYLAE

1. In hierdie kennisgewing, tensy uit die samehang anders blyk, het 'n woord of uitdrukking waaraan in Proklamasie R. 172 van 1968, 'n betekenis geheg is, 'n ooreenstemmende betekenis en beteken —

"gemiddelde waarde per pels" die bruto beswaarde gemiddelde prys per pels wat behaal was op die Londense SWAKARA veilings gedurende die tydperk 1 Maart 1979 tot 29 Februarie 1980, en daarna gedurende die tydperk vanaf die eerste dag in Maart in elke jaar tot die laaste dag van Februarie in die daaropvolgende jaar wat die betaling van die heffing en spesiale heffing onmiddellik voorafgegaan het.

2. Hierby word 'n heffing teen 'n koers van 0,231 persent en 'n spesiale heffing teen 'n koers van 3,769 persent van die gemiddelde waarde per pels opgelê op elke karakoelpels wat —

(a) uit die beheerde gebied uitgevoer word, uitgesonderd karakoelpelse wat voorheen in die beheerde gebied ingevoer is vir verwerking of ten opsigte waarvan sodanige heffings voorheen deur 'n verwerker betaal is;

(b) in die beheerde gebied deur 'n verwerker verwerk word, uitgesonderd karakoelpelse wat in die beheerde gebied ingevoer is vir verwerking en heruitvoer uit die beheerde gebied of wat voorheen uit die beheerde gebied uitgevoer is;

(c) in die beheerde gebied ingevoer word, uitgesonderd karakoelpelse wat aldus ingevoer word vir verwerking en heruitvoer uit die beheerde gebied of wat voorheen uit die beheerde gebied uitgevoer is, of ten opsigte waarvan 'n heffing en spesiale heffing aan die Karakoelraad van die Republiek van Suid-Afrika betaal is.

## SCHEDULE

1. In this notice, unless the context indicates otherwise, a word or expression to which a meaning has been assigned in Proclamation R.172 of 1968, shall have a corresponding meaning, and —

"average value per pelt" means the gross weighted average price per pelt realised at the London SWAKARA auctions during the period 1 March 1979 to 29 February 1980, and thereafter during the period from the first day of March in every year to the last day of February in the ensuing year which immediately preceded the payment of the levy and special levy.

2. A levy at the rate of 0,231 per cent and a special levy at the rate of 3,769 per cent of the average value per pelt are hereby imposed on each karakul pelt which —

(a) is exported from the controlled area, excluding karakul pelts previously imported into the controlled area for processing or in respect of which such levies have previously been paid by a processor;

(b) is processed by a processor in the controlled area, excluding karakul pelts imported into the controlled area for processing and re-exportation from the controlled area or which has previously been exported from the controlled area;

(c) is imported into the controlled area, excluding karakul pelts so imported for processing and re-exportation from the controlled area or which has previously been exported from the controlled area, or in respect of which a levy and a special levy has been paid to the Karakul Board of the Republic of South Africa.

Gedruk deur en verkrygbaar by
Die Suidwes-Drukkery Beperk,
Posbus 2196, Windhoek
Suidwes-Afrika

Printed and obtainable from
The Suidwes-Drukkery Beperk
P.O. Box 2196, Windhoek.
South West Africa.